NG KERK IN OOS-KAAPLAND

NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE MODERATUUR GEHOU OP 24 FEBRUARIE 2005

1. OPENING

1.1 Die voorsitter open die vergadering met gebed.

2. PRESENSIE

Ds EGJdeG Schutte - Voorsitter
Dr ACV van Wyk - Onder-voorsitter
Dr S du Toit - Aktuarius
Ds DW Mouton - Skriba

Die DA en NB BNet sluit met die oog op die inhoud van die vergadering by die moderatuur aan:

Dr JWJ Viljoen - DA
Ds BIC Steyn – Netwerkbestuurder BNet

3. OPDRAGTE VAN DIE SK-DAGBESTUUR 2005-02-03

3.1 Beleid: Bestuur van Ringsprojekte (pt 18.1.3.1

3.1.1 Konsepformule

3.1.1.1 Bylaag A (Konsepformule vir die begrotingstoekenning aan ringe – ongedateerd) is deur dr Du Toit opgestel en dien voor die vergadering.

3.1.1.2 Besluite:
(1) Enkele wysigings word aangebring. Die gewysigde dokument word as Bylaag A by hierdie notule ingesluit.
(2) Bylaag A en Bylaag G (SK-Dagbestuur 2005-02-03) word word na BNet verwys om dit saam te voeg in 'n samehangende beleidsdokument vir goedkeuring deur die SK Dagbestuur.
(3) Op basis hiervan sal die DA 'n administratiewe handleiding uitwerk vir voorlegging aan die volgende dagbestuurvergadering (19 Mei 2005).

3.1.2 Verdere oorwegings

3.1.2.1 Uit die gesprek kom die volgende oorwegings rondom die bestuur en befondsing van ringsprojekte na vore:

(1) Die projekaansoekvorm kan voorsiening maak vir **verslagdoening** oor vordering met die projek waar dit 'n projek is wat oor meer as een jaar strek.

(2) Die tydstip waarop projekte goedgekeur word (Februarie), is tans te laat. Dit hou verband met die tydstip waarop die beskikbare bedrag vir ringsprojekte bereken kan word. Die berekening van hierdie bedrag behoort nie op die onmiddellik voorafgaande jaar se syfers gebaseer te word, maar op die voorafgaande jaar, sodat daar vroeër duidelikheid kan wees oor die grootte daarvan.

(3) Dit kan oorweeg word om die Botes-formule teen die gewone sinode van 2007 te hersien. Die probleem met die Botes-formule is dat dit in veranderende omstandighede nie werklik 'n gelyke speelveld skep nie.

(4) Om sinvol te begroot, moet die volgende beskikbaar wees en gedoen word:

1. Balansstaat en inkomstestaat
2. Beleggingsbeleid
3. Belange verklaar (wie word tans gediens, watter belange is gevestig of nie gevestig)
4. Mandate uitklaar (wie begroot – die ring, 'n gemeente wat ring goedkeur)
5. Begrotingsprioriteite
   - Vaste komponente
   - Projekte
6. Begroting volgens mandate en prioriteite

Notas:
- Die leierskap moet 'n ordentlike *voorafgaande* teologiese gesprek hê waarin bepaal word hoe ons God hoor en wat ons geroep word om te doen.
- Genoemde komponente verseker 'n strategiese belyning en gee integriteit aan die proses.

(5) Die samestelling van die SK kan aangepas te word om die wisselwerking tussen ring en SK te verbeter. Dit moet behoeftes van ringe aanspreek in terme van visionêre leierskap en die uitvoering van kollektiewe besluite. Verskillende moontlikhede kan ondersoek word, soos dat ringe jaarliks 'n verteenwoordiger op die SK kan aanwys.

(6) 'n Jaarlikse Bosberaad is nodig om die visie en strategiese prioriteite te bepaal. In 'n sinodejaar kan die sinode moontlik dié rol speel, in ander jare die SK en ringskommissies (wat die verteenwoordiger op SK insluit). Hierdie proses bemagtig die leierskap op ringsvlak, verhoog skakeling en samewerking, en bou onderlinge vertroue

3.2 Aanpassing in sinodale ritme (pt 18.1.3.2)

3.2.1 Besluit:
3.2.1.1 Die sinodale ritme verloop as volg:
· **Maart: Sinodale Werkswinkel;**
· **April: Bosberaad bestaande uit SK en ringskommissies;**
· **Mei: SK-Dagbestuur;**
· **Julie: SK - neem besluite of die sinode self;**
· **Augustus en September: ringe vergader;**
· **30 September: Projekaansoeke sluit;**
· **Oktober: Netwerkbestuurders en moderatuur koördineer projekaansoeke;**
· **Oktober: SK-Dagbestuur;**
· **November: SK.**

3.2.2 Datums vir 2005

3.2.2.1 Besluit:
Vir 2005 word die volgende datums vasgestel:
(1) Bosberaad: Dinsdag 12 April, 10:00 – Don 14 April, 13:00. Bygewoon deur RK's en SK
(2) SK-Dagbestuur – 19 Mei om 11:00
(3) Buitengewone sinode – 26 Julie, 14:00 – 28 Julie, 14:00
(4) Volle SK – middag van 28 Julie
(5) Ringe vergader na sinode tot en met middel September.
(6) Projekaansoeke - ingedien teen 30 September.
(7) SK-Dagbestuur - 27 Oktober
(8) SK – 24 November.

3.2.3 Inhoud van vergaderings

Die volgende inhoud van vergaderings word as breë riglyne voorsien:

- Bosberaad

Plek van besinning. Voorafskaduing van wat jy wil hê moet gebeur. Aanbevelings hoe ons gaan sinode hou. Moderatuur, SK-Dagbestuur, Ringskommissies

- Sinode / SK

Toets bosberaad by sinode / SK, volg model van bosberaad op, finaliseer geestelike onderskeiding.

- Ringe

Visioneer verder op plaaslike vlak. Bring prosesse in plaaslike vlak bymekaar sodat hulle met projekaansoeke vorendag kan kom. Projekaansoeke word teen 30 September ingedien.

- SK-Dagbestuur - stel die strategiese begrotingsvoorstel vir die SK saam

4. SK - November - keur die begroting goed.

3.3 Toerusting van ringskommissies : effektiewe projekbeplanning (pt 18.4.2.2)

3.3.1 Die toerusting van ringskommissies val nou met die bosberaad saam.

3.4 Inligtingsdag - Kerkspieël 2005 (pt 21.1.2.11)

3.4.1 Besluite:
3.4.1.1 Dr Jan Bisschoff word genooi om op 12 April - as integrale deel van die Bosberaad - 'n Oos-Kaapse aanbieding van Kerkspieël te maak.
3.4.1.2 Vergoeding. Dr Bisschoff word teen R130 per uur vergoed vir 16 ure @ R130.00 per uur.
3.4.1.3 Dit word voorsien dat die duplisering van die pakket vir ringe sowat R400 sal beloop.

4. ANDER SAKE

4.1 Drywer: Algemene Predikante-vergadering

4.1.1 Besluite:
4.1.1.1 Ds Danie Mouton word aangewys as persoon verantwoordelik om die byeenkoms in ons streek te bemark.
4.1.1.2 Dr Kobus Prinsloo word in ondersteunende hoedanigheid betrek as NB Predikante-begeleiding en woon op 16 Maart in hierdie verband 'n Algemene Sinodale vergadering.by. Koste hieraan verbonde word befonds uit die begroting vir predikante-begeleiding.
4.1.1.3 Administratiewe handelinge word vanuit die sinodale kantoor of deur die skriba hanteer.

4.2 Hersamestelling: Taakspan vir Kerkhereniging

4.2.1 Dr Chris van Wyk tree uit die taakspan vir kerkhereniging weens sy verbintenis met die Gemeentedienste-Netwerk.

4.2.2 Besluite:
4.2.2.1 Ds Christo van Heerden word in dr Van Wyk plek aangewys as een van twee sinodale verteenwoordigers.
4.2.2.2 Ds Van Heerden woon reeds die volgende taakspanvergadering saam met dr Van Wyk en ds Mouton op koste van die sinode by.

4.3 Visionêre Taakspan

4.3.1 Dr Chris van Wyk tree uit as sinodale

verteenwoordiger op die visionêre taakspan van die Algemene Sinode weens sy verbintenis met die Gemeentedienste-Netwerk.

4.3.2 Besluit: ds Rethie van Niekerk word as Oos-Kaapse verteenwoordiger op die visionêre taakspan aangewys.

4.4 Oos-Kaapse gesprek met kerkrade re kerkhereniging

4.4.1 Kragtens besluit van die Moderamen AS moet die Algemene Sinode se onlangse besluite oor kerkhereniging deur elke kerkraad bespreek word. Die keerdatum is November 2005. Persone moet opgelei word om hierdie gesprekke met kerkrade te fasiliteer.

4.4.2 Besluit dat ds Hansie Schutte en dr Chris van Wyk 'n proses sal ontwerp om uitvoering aan dié besluit te gee.

4.5 RINGSFONDSE

4.5.1 Die SK het besluit dat Vorm A voorsiening moet maak vir inligting oor fondse wat gemeentes tot ringsfondse bydra. Die vraag is of hierdie inligting nie reeds op Vorm B beskikbaar is nie.

4.5.2 Die DA sal met ds Wolmarnans, oorspronklike voorsteller, skakel om die saak uit te klaar.

4.6 Terugvoer: Begrotingsimplikasies

4.6.1 Die DA rapporteer dat die sinodale begroting sowat R120,000 minder bedrae as wat oorspronklik in November 2004 geprojekteer is. Dit is te wyte aan die werklike beskikbare bedrag vir ringsprojekte wat heelwat kleiner blyk te wees in vergelyking met die oorspronklike geprojekteerde bedrag wat in November 2004 voor die SK gedien het.

4.6.2 Die Sinodale Bystandsfonds dra nou sowat R947,000 tot die begroting by teenoor die oorspronklike geprojekteerde R930,000.

4.7 Buitengewone sinodesitting

4.7.1 Die datum is bepaal vir 26-28 Julie 2005.

4.7.2 Ringe kan sake op die sakelys plaas, onder andere via die Bosberaad in April.

4.7.3 Die ontwerpspan konstitueer op 24 Februarie.

4.7.4 Die DA sal die koste per afgevaardigde so gou moontlik bereken, vir kennisgewing aan gemeentes.

5. AFSLUITING

Dr Chris van Wyk sluit die vergadering met gebed af.

BYLAAG A

KONSEPFORMULE VIR BEGROTINGSTOEKENNING AAN RINGE

1. INLEIDING

Die breë bedoeling met hierdie beskikbare fondse vereis dat die hele hanteringsprosedure, vanaf die aansoek tot by die verslaggewing na die besteding, met integriteit plaasvind. Dit is nie oortollige geld wat uit oorvloed weggegee is om iets mee te koop nie. Dit is mense se dankoffers wat ten beste in diens van die Koninkryk aangewend moet word en dalk deur iemand anders beter gebruik kon word.

2. AANSOEK

2.1 Die ring doen aansoek by die SK vir die befondsing van 'n projek wat deur die ring goedgekeur en aanbeveel is. Die projek kan sy ontstaan by 'n gemeente hê en deur 'n gemeente bedryf word. Dit is nie nodig dat die ring as ring aan die projek moet deel nie. Die ring moet egter die motivering van die projek goedkeur. Hierdie goedkeuring is die eerste sifting in die proses. Die ring moet kriteria hê waarvolgens hy beoordeel.

2.2 Die kriteria waarvolgens die ring beoordeel, behoort die volgende in te sluit:

2.2.1 Die projek moet inpas by die visie van die sinode, een heilige algemene Christelike kerk, soos deur die buitengewone sinode van 2003 geformuleer.

2.2.2 Projekte wat beoog om 'n lang lewenstermyn te hê en net by die afskop subsidie benodig, behoort voorkeur te kry.

2.2.3 Gemeentes wat van hierdie fondse ontvang ter wille van oorlewing (bv besoldiging van die leraar), moet 'n beplanning by die ring indien waarin getuig word van moontlike groei of die oorgang in verandering van bediening.

2.2.4 Die ideale gebruik van hierdie geld sou wees om 'n bediening op die been te bring wat na 'n jaar of wat op eie bene kan staan en dan selfs iets in die fonds terugploeg.

2.2.5 Hierdie geld word nie gebruik vir die aankoop of instandhouding van eiendomme en geboue nie.

2.2.6 Hierdie geld word nie gebruik vir die opbou van 'n neseier vir 'n ring of gemeente nie.

2.2.7 Lidmate, ‘n gemeente, of die gemeentes van die ring behoort self ‘n finansiële bydrae tot die projek te maak om sodoende betrokke te bly en eienaarskap te aanvaar.

2.2.8 Fondse word slegs toegeken aan projekte wat direk deur die ring of gemeentes bestuur word. Die geld word nie gebruik om ander instansies te befonds nie.

2.3 Teen die tyd van die jaar dat die nuwe aansoeke ingedien word, moet die ring se verslag van wat met die toekenning van die vorige jaar gebeur het - en hoeveel daarvan nog beskikbaar is - by die DA ingedien wees. Versuim hiervan kan lei tot penalisering by die nuwe toekennings.

3. HANTERING VAN DIE RINGSAANSOEKE DEUR DIE SINODALE KOMMISSIE.

3.1 Die gemotiveerde en gedetailleerde aansoeke moet die DA bereik voor 30 September.

3.2 Die aansoeke op die terreine van die Netwerkbestuurders word na die Begeleidingsnetwerk verwys om dit aan die hand van die kriteria in 2.2 genoem, te sif, te prioritiseer en daarvolgens aan te beveel. Die ander aansoeke word verwys na 'n kommissie bestaande uit die moderatuur en DA om dieselfde daarmee te doen. (Omsigtigheid is hier noodsaaklik sodat gemeentes en ringe bemoedig en nie ontmoedig word nie).

3.3 Genoemde kommissie en die Netwerkbestuurder van Bnet kombineer die twee lyste, bring die oorskot van die vorige jaar in berekening, bepaal die beskikbare totaal en beveel die toekennings by die Dagbestuur van die SK aan.

3.4 Die Dagbestuur verfyn die toekennings en beveel dit by die SK aan wat die finale toekennings goedkeur.